Die Burger 19 Maart 1924
het berig oor De Volkstem
se berig:

# Vrystaatse Boer Verloor 11,000 Skape.

## GIF I.P.V. SOUT GEGEE.

'n Spesiale berig op 12 Maart uit Vrede, O.V.S., aan De Volkstem, meld die volgende:

Mnr. Marthienus Krog, 'n vooruitstrewende skaapboer van Memel in hierdie distrik, het nou die anderdag 'n verskriklike verlies gely, waardeur hy sy hele trop skape van 11,000 op 6 na met een slag verloor het.

Dit blyk dat mnr. Krog in die gewoonte was om sy skape ganna-as by die sout te gee, en nou die dag, toe hy weg was van die huis af, gee sy verteenwoordiger instruksie aan die skaapwagter, om die sout weer te meng, terwyl hy besig was met iets anders. Inplaas van ganna-as egter, het die onnosele Kaffer arsenikum, 'n dodelike gif, in die sout gemeng, en die volgende dag het mnr. Krog van sy hele trop skape maar ses oor gehad.

Dit spreek vanself dat iedereen van harte met die eienaar simpatiseer. Sy verpletterende ongeluk behoort inmiddels 'n waarskuwing te wees aan alle boere. Mens kan nooit te versigtig wees nie, en veral nie met die behandeling van gif nie. Gif behoort altoos so geberg te word dat dit „fool-proof" is, dat kinders en Kaffers nie daarby kan kom nie.